

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1985-11-05

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME C

(Bladsye 137 - 236)

MNR. JACOBS : Ek dink om die ding redelik te bespoedig, wil ek die Hof net na sekere gesag verwys wat die basiese beginsels gee oor die besonderhede wat gegee moet word in 'n akte van beskuldiging. Die eerste gesag waarna ek wil verwys is artikel 84(1) van die Strafkode wat bepaal dat die besonderhede wat verskaf moet word redelikerwys voldoende moet wees. Dan is daar 'n reeks sake waarna ek ook wil verwys wat almal gaan omtrent wat die vereistes is. Die eerste is S v HUGO 1976 (4) SA 536 (A) op 540 E waar dit herbeklemtoon word - dit het gegaan oor bedrog in hierdie geval : (10)

"An accused person is entitled to require that he be informed by the charge with precision or at least with a reasonable degree of clarity what the case that he has to meet and this is especially true of an indictment in which fraud or misrepresentation is alleged."

Dit is dan opvallend uit hierdie passasie 'dat daar twee aspekte is. Die besonderhede hoef nie absoluut volledig te wees nie. Redelik voldoende besonderhede is voldoende. Dan die besonderhede in die klagstaat moet redelik voldoende wees om die beskuldigde in te lig wat die saak is wat hy moet ontmoet (20) en wat belangrik is en nie wat die getuienis is waaroor die Staat beskik nie. Die volgende passasie wat ek het is in R v MASO 1940 (AD) 75 op 91:

"In other words, the accused must be informed of the offence with which he is charged and of particulars as to time, place, person and property ... such information need not be completely detailed but it must be reasonably sufficient ... Everything which is an essential element of the offence must be set forth in the charge."

Ek wil die Hof dan ook net in die besonder verwys, ek het (30) nie die passasies of die gesag hier by my nie, na S v NATIONAL

... / HIGH

HIGH COMMAND 1964 (3) SA 463 (T) en die kopstuk daarvan lees :

"In an indictment particulars the State not required to furnish copies of documents proposed to be adduced in evidence."

Selfs die gesag wat hier gister aangehaal is deur My Geleerde Vriend, ADAM se saak, sê ook dat "reasonable" besonderhede moet verskaf word. Ek wil hierdie passasie saamvat deur te sê dat die volgende is dan die elemente wat uit kom uit hierdie gesag uit uit die Strafproseswet :

- (1) Dit moet voldoende wees om aan te toon "the of- (10)
fence with which he is charged and of particulars
as to time, place and property" soos getemper deur
artikel 92(1)(c) van die Strafkode, wat daarso die
bepalings daar het dat tyd kan verskil van drie
maande voor of drie maande daarna.
- (2) Sodanige inligting wat verskaf word of besonderhede
wat verskaf word in 'n klagte, moet nie allesomvattend
en volledig wees nie. "Such information need not
be completely detailed, but it must be reasonably
sufficient." (20)
- (3) Die Staat moet slegs sodanige besonderhede verskaf
om die beskuldigde in te lig oor waarvan hy aangekla
word en hoef nie die getuienis waaroor hy beskik om
die akte te bewys aan die verdediging te openbaar
nie.

Met die oog op hierdie vereiste van wat redelikheid is, wil ek dan ingaan op die punte deur My Geleerde Vriend aangevoer. Die eerste is dan - ek gaan die aansoek wat gerig is daarvolgens behandel. Dit is miskien makliker om dit so te doen.

Dit is dan paragraaf 1, gaan ek noem die "objeksie" op (30)
bladsy 2. Hier word verwys na paragrawe 1.1.1. en 1.1.2. van

... / die

die besonderhede. Dit is die besonderhede oor die name en bestuur van die amptenare en die ampte wat hulle beklee. Ek wil nie verskonings maak op hierdie stadium nie, maar toe hierdie besonderhede verskaf was, was dit onder druk, want ons moes dit binne 'n sekere tyd gegee het en die enigste manier om dit redelik vinnig vir die verdediging te kon gee, was om te verwys na die dokumente. Ek stem saam met My Geleerde Vriend dit sou meer elegant en baie beter gewees het as die Staat die geleentheid gehad het om die name self uit te trek soos met die geaffilieerde organisasies wat ons gegee het (10) in die latere deel van paragraaf 1, maar in hierdie inligting in die dokumente waarna ons verwys het, word die bestuurstrukture van UDF tog uiteengesit, die ampte wat hulle beklee word daarin gegee.

HOF : As 'n mens van die dokumente met mekaar vergelyk A(1) byvoorbeeld en ek dink die volgende een wat daar genoem word is C(102), dan vind u verskillende bestuurstrukture van die UDF. By A(1) vind ons onder National Executive is ingesluit die president en vise-presidente. By C(102) is die presidente en vise-presidente nie deel van die National Executive nie.(20) Kan u vir my sê en dit is miskien u saak, hoe die strukture gewissel het en die samestelling van die strukture gewissel het van tyd tot tyd. Ek wil weet hoe die ding in mekaar sit. Word dit gesê dat u verwys na die gedeelte van A(1) onder National Executive as u van National Executive praat en dan sluit u daarby die president en vise-president in of sluit u nie die president en vise-president in nie, want dit lyk vir my, as ek reg gekyk het, na C(102) dit nie daarby ingeslote is nie.

MNR. JACOBS : Dit is op die latere stadium blykbaar wat dit(30) hier gebeur het. Die een is in '83 en die een is in '85.

... / HOF

HOF : Dit skep natuurlik 'n praktiese probleem. 'n Mens sou by hierdie soort liggame waarskynlik van maand tot maand of in elk geval van half jaar tot half jaar 'n verandering verwag in die bestuurstrukture, want mense tree uit en kom by en somiges is oorlede miskien en nuwe mense word gekies. Dit is oor 'n lang tydperk.

MNR. JACOBS : Dit is reg. Dit is daarom wat ek sê, ongelukkig was ons op 'n stadium gedruk, ek wou dit nie aanvoer as 'n rede nie en as die Staat 'n geleentheid gegee word, is ons heeltemal bereid dat ons hierdie besonderhede dan tabuleer(10) in 'n lys en dit gee soos vereis deur die verdediging. Dit gaan 'n groot werk wees, want 'n mens moet deur dokumente gaan om te sien hoe dat veranderings ingekom het en wat hulle is. Ek mag dit net sê, ons het ons bes probeer om alles te gee wat ons kon gee. Die moeilikste van hulle was en waaraan heelwat tyd spandeer was, was daardie oor die verskillende geaffilieerde organisasies, wat ons sover ons kon dan volledig gegee het, maar om die verdediging nie heeltemal in die duister te laat oor die bestuurstrukture nie - ek mag net meld dat waar ons - hier in die akte van beskuldiging, (20) in die aanhef word gesê daar is 'n sameswering tussen UDF se bestuurstrukture onderling en met die organisasies, dat daar met die ANC saamgesweer word. Ons het die lede of die mense wat daarin is genoem en in die latere besonderhede, hoe dat hierdie sameswering uitgevoer word, is dan besonderhede wat gegee word. Dit is nie gesê hulle het saamgesweer net om hoogverraad te gepleeg het nie, maar die Staat het 'n paar honderd bladsye volledige inligting gegee in die aanhef van besonderhede van die dinge wat gedoen is en waar die beskuldigdes of van die beskuldigdes en ander lede van die same- (30) swering word daar spesifiek by name genoem. Daar is nie 'n

... / kwessie

kwessie dat die verdediging heeltemal in die duister gelaat was hierso nie.

HOF : Maar ek wil duidelikheid by u kry waar u saak na toe loop. Gaan u, as u getuienis aanbied, u beperk tot die name wat genoem is of gaan u ook ander mense se name noem as samesweerdere en dan dade aantoon wat daardie ander samesweerdere wie se name nie bekend is nie en waarvan daar geen besonderhede is nie, sou gedoen het ter bevordering van die sameswering?

MNR. JACOBS : U sal sien dit is so in die besonderhede waar onbekende sprekers opgetree het, onbekende persone waar (10) ons nie die identiteit van mense op sekere plekke het nie, maar wat die sameswering aangemoedig en aangehelp het tot die verwesenliking ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek kan begryp as u nie die name het nie en iemand het op 'n stadium iets gesê en u sê "Op hierdie stadium het iemand, wie se naam onbekend is, aan my iets gesê", maar - en dit staan in die besonderhede, dan weet die verdediging wat die posisie is, maar die verdediging se beswaar wat name betref, soos ek dit sien, is dit. Hulle sê hier is 'n klomp mense wie se name genoem is wat ons nie mooi kan uitsorteer uit die (20) dokumentasie nie. Ons is bang dat jy gaan getuienis lei van 'n mnr. X wie se naam nie deur mnr. X nie, maar oor mnr. X wie se naam nie hier genoem is nie, as 'n samesweerder en dan sy dade aan die beskuldigdes toeskryf. Wat sê u van daardie betoog?

MNR. JACOBS : Soos ek die besonderhede verstaan wat ons gee, sê ons - as ek die ding miskien so vir u kan verduidelik. Die heel hoof liggaam van die UDF is die Nasionale Algemene Raad. Hy word verteenwoordig deur afgevaardigdes wat soontoe gaan van organisasies, afgevaardigdes en lede van die (30) uitvoerende komitees van die verskillende streke. Daar mag

... / beslissings

beslissings geneem word deur mense daar wat ons nie van weet nie. In so 'n situasie kan dit miskien wees waar ons sal sê daar is mense wat aan ons onbekend is.

HOF : Waar sê u mag beslissings geneem gewees het? By die algemene raad?

MNR. JACOBS : By die algemene raad. In so 'n geval mag dit gewees het, dan nog altyd is dit lede van organisasies geaffilieer met UDF of lede van die nek waarop almal sit en hy vergader een keer per jaar. In die geval kry 'n mens ook, u sal sien dat in die notules van die vergaderings wat ingedien (10) of aangebied is word daar verwys na sekere organisasies wat daarso teenwoordig was, soos VCA of so aan. Hulle word verteenwoordig deur twee verteenwoordigers. Ons is nie in al die gevalle altyd bekend met wie is die mense wat daar was nie, maar daar was 'n verteenwoordiger van 'n geaffilieerde liggaam wat 'n neksitting het en deel het aan die besluitneming. So, in daardie opsig waar ons nie die name het nie, gaan ons ook die gevalle kry, maar oor die algemeen het ons regdeur probeer - u sal sien in die akte van beskuldiging sê ons die vergaderings is gehou - die Transvaal streek van die alge- (20) mene raad byvoorbeeld van die UDF het vergaderings gehou en op die vergaderings het verteenwoordigers van VCA, WESCOM of verskillende organisasies wat ons daar tabuleer wat ons op daardie stadium nie geweet het wie was hulle verteenwoordigers gewees nie, wat daarso deelgeneem het aan die besluitneming.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry waarheen die saak loop. Is u bewering dat van die notules en publikasies en dokumentasie wat ons al het en waarvan ek baie gelees het, maar nog nie naby alles nie, dat 'n mens daarvan moet aflei die doelstellings van die UDF of is u bewering dat 'n mens ook 'n (20) geheime sameswering moet aflei wat nie blyk uit die dokumentasie

... / nie

nie, maar wat agter die skerms sit. Met ander woorde, dat baie van die besluite op 'n manier bewoord is, maar dat die werklike bedoeling half agter hulle sit?

MNR. JACOBS : Dit is wat die Staat op steun.

HOF : Dit is met ander woorde dat 'n kampanje byvoorbeeld 'n oënskynlike mooi doel het, maar dat hy eintlik 'n ander doel daarby het? Is dit die gedagte?

MNR. JACOBS : Dit is die gedagte.

HOF : As u dit aflei, gaan u getuienis lei oor daardie besluit, oor daardie ander, die sinistêre doel of nie? (10)

MNR. JACOBS : Daar sal ons afleidings moet maak en ek sal getuienis aanbied oor sekere aspekte wat ek ook in die besonderhede verskaf het oor skakeling met die ANC juis om hierdie ding - laat ek dit vir u so stel. In hierdie verdere addisionele klagtes sal die Staat probeer om aan te toon en vra om die afleiding te maak dat elkeen van die kampanjes soos deur UDF gevoer is ook 'n kampanje wat aangevoer is deur die ANC, dat die ANC ook hulp verleen het aan van die organisasies, soos in die besonderhede beweer word ten opsigte van die uitvoering van hierdie kampanjes. (20)

HOF : Gaan u saak wees dat die ANC besluit het op die kampanje en dat die UDF dit later uitgevoer het?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Met ander woorde, chronologies dat daar eers 'n ANC besluit is en dat daar dan 'n uitvoering is deur die UDF?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Wat betref elkeen van die kampanjes?

MNR. JACOBS : Selfs die mobilisering en organisering van die massas, sal ons bewering wees dat dit kom van die ANC af, dit was deur hulle gepropageer en UDF het dit voortgesit. (30)

HOF : En gaan u die Hof vra om af te lei van die feit dat

... / eers

eers die ANC 'n besluit oor die ding maak en daarna dat die UDF dit uitvoer, dat daar 'n sameswering tussen hulle is?

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Gaan maar voort.

MNR. JACOBS : Ek is heeltemal bereid dat ons hierdie name op 'n meer elegante wyse sal gee wat paragrawe 1.1.1. en 1.1.2 was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Maar kan u dit gee in minder as 100 bladsye?

MNR. JACOBS : Dit sal baie tyd vat en baie spasie vat.

HOF : Ek het wat die name betref ook die indruk gekry dat (10) daar 'n beswaar is in die sin dat in die dokumentasie daar sekere name verskyn wat moontlik nie deel kan wees van die bestuurstrukture nie. Kom ons neem nou maar byvoorbeeld 'n verwysing na A(1) waarin daar gesê is, agter in is 'n kêrel met die naam van Blous, wat is hy nou? Voor in is die nasionale beskermhede, wie is hulle nou?

MNR. JACOBS : Dit is daarom wat ek sê, om dit meer elegant te maak is ons bereid om dit dan duidelik te tabuleer, maar dit sal 'n hele tydjie vat.

HOF : Kan dit nie korter gedoen word deur te sê op bladsy(20) so en so van daardie dokument staan onder die opskrif National Executive Committee die komitee soos dit op daardie stadium bestaan het nie?

MNR. JACOBS : Dit sal wees, maar ons sal iewers daar moet verdere besonderhede gee. Ek gee toe dit sal die Staat moet doen.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Wat behels u toegewing ten aansien van die objeksie?

MNR. JACOBS : Om meer inligting op paragrawe 1.1.1. en 1.1.2 te gee. (30)

HOF : Kan ons net kyk na "Order sought" op bladsy 4 onder A.

... / Watter

Watter van die is wat u toegee en watter van die wil u nog oor betoog?

MNR. JACOBS : Ons sal by 1.1.1 (a) en 1.1.2 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Het u 'n bladsy 4 van die "Objection in terms of Section 58"?

MNR. JACOBS : Ja. "Court order sought AA State directed to amend 1.1.1, 1.1.2 and 1.2" is ons bereid dan om daar sover ons vermoë is, die name van die verskillende persone te verskaf en sover ons kan ook hulle ampte. As ons dit daar verskaf (10) en volledig uiteensit, dan sien ons nie die nodigheid dat 16.5, 16.7, 16.8 - uit te wys ... (Hof kom tjssenbei)

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Hoe koppel 16(5) homself aan die antwoord dan op sê maar 1.1?

MNR. JACOBS : 16(b), die (b) deel is 'n ander deel van die argument. Hierdie is net ten aansien van 1.1.1 en 1.1.2 en 1.2.

HOF : Kom ons laat dit nou daarby, dan gaan ons nou oor na die volgende punt.

MNR. JACOBS : Paragraaf 1.4 is wat verwys na 16.5. 16.5 (20) ek het dit kort probeer saamvat is doelstellings, 16.7 is resolusies en besluite en datums ensovoorts, 18.1 is dade 4 tot 9, 18.2 is sekretariële verslae by dade 4 tot 9.

HOF : Kyk waar dit om gaan in paragraaf 16.5 is dat u sê dat dokumente waarin die beleidsbeslissings vervat is en waaroor die Staat beskik, word verskaf, maar daar word nie gesê watter dokumente dit is nie.

MNR. JACOBS : Dit is korrek. Ek sal nou daarmee volledig handel. Om die uitvoering van die beleidsbeslissing, dit is ten aansien van 16.5 - gee die Staat besonderhede in (30) 77 dade , van 1 tot 77 hoe dat daar te werk gegaan is om .../hie

hierdie beleidbesluit uit te voer en verder te voer. As 'n mens kyk na, as 'n voorbeeld, sonder om almal deur te gaan, daad nr. 1 "Die UDF het op 20 Augustus tot stand gekom met breë riglyne en 'n program van aksie aanvaar ... van die aktiwiteite, handeling en projekte van UDF moes bydra tot die ..." en hier is tog ook 'n kort termyn doelstelling van UDF, "die organisering, die mobilisering, politieke opsweping, indoktrinering van al die Swartmassas om hulle te aktiveer om deel te neem aan geweldpleging en handeling en aktiwiteite waardeur die Republiek onregeerbaar gemaak moes word en moes (10) ontwikkel in 'n gewelddadige rewolusie."

As 'n mens na elkeen van hierdie dade kyk, word dit almal gekoppel aan die doelstelling en die sameswering. Ons lees nou die tweede een "Op 20 Augustus naby Kaapstad ter uitvoering of bevordering van bogenoemde sameswerings en ter verwesenliking en bevordering van genoemde doelstellings, van die ANC, SAKP, UDF in sy strewe om die Swartmassas ..." en dan sê ons wat se aktiwiteite daar gedoen is ter bevordering van die doelstellings. So, ons moet aanvaar dat hier is, as ons gaan na die spesifieke vergaderings toe, koördinasie gedoen, daar (20) is besluite geneem, daar is vir die doel ... en dan word dit ook gesê daar ... (Hof kom tussenbei)

HOF : My probleem is, die vraag was "Is the policy of the UDF alleged to be contained in any constitution or written document? If so, a copy thereof is required." Nou kom u en u sê tydens die stigting is daar die "working principles" en daar is 'n aantal beleidsbeslissings geneem deur die nasionale uitvoerende komitee op gereelde basis. Daar is baie dokumente versprei waarin die beleidsbeslissings vervat is. Daar is verskillende streekstrate ensovoorts en dan sê u (30) "Dokumente waarin hierdie beleidsbeslissings vervat is en

... / waarom

waaroor die Staat beskik, word verskaf." Daar is baie dokumente verskaf. Daar staan hulle almal, maar beteken dit dat in elkeen van die dokumente daar 'n beleidsbeslissing is, want die beswaar is ons weet nie waar om te kyk vir die beleidsbeslissings nie, want julle sê julle verskaf dit. Dit is dus, soos ek dit sien, die beswaar oor hierdie aspek. Wat is u kommentaar op daardie betoog?

MNR. JACOBS : Sover as moontlik, ten aansien van elkeen van die vergaderings wat gehou was en waar beslissings geneem was wat ons beskik het, is die notules daarvan in en waar daar (10) beslissings geneem is ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, maar kyk, ons het by die dokumente - as ons agter begin, dan het ons omtrent daar dink ek sirkulêres en voor dit het ons 'n klomp publikasies en dan die eerste stel, ek dink tot by W het ons notules en amptelike dokumente ensovoorts van 'n hoër rang miskien. Is die gedagte met die dokumente waarna u verwys dat u na elkeen van die dokumente verwys vir beleidsbeslissings of is daar net sekeres van die wat u ná verwys vir beleidsbeslissings? Daar is tog briewe waarin die algemene sekretaris sê "Kyk, jy word opgeroep vir 'n (20) vergadering." Dit kan nie 'n beleidsbeslissing wees nie. Daar is 'n verslag wat iemand lewer sê maar oor 'n "workshop project." Dit is nie 'n beleidsbeslissing nie, dit is 'n rapport. So, dit gaan nou oor die beslissings, want die verdediging sê "Jy sê ek is lid van 'n sameswering, omdat ek daarby aangesluit het, welwetende wat die ding se doel is." U sê die doel is uiteengesit onder andere in die beleidsbeslissings. Nou sê die verdediging "Ek wil weet wat is die beleidsbeslissings." Dan sê u "Dokumente word verskaf." Dit word beweer dat dit vyftuisend is. Ek weet nie of dit soveel is nie. Daar is (30) uitvoering van beslissings in die dokumente en daar is

... / beslissings

beslissings of bewys van beslissings in die dokumente, maar as 'n mens daarvoor gaan soek, dan loop jy groot gevaar dat jy 'n klompie miskyk en as dit so is, is dit tog nie 'n goeie antwoord nie.

MNR. JACOBS : Ek stem saam.

HOF : As ons dan nou kom by 16.7 dan verwys 16.7 na die dokumente in 16.5 uiteengesit. In 16.5 aan die begin staan die "working principles" maar aan die einde daarvan is daar dokumente word verskaf. Dit kan al die dokumente wees of net die "working principles". Nou wat sê u van 18.1? (10)

MNR. JACOBS : Die notules van die vergaderings is verskaf. Dit is van dade 4 tot 9. Hulle is maklik identifiseerbaar, maar ek kan ... (Hof kom tussenbei)

K7 HOF : Nee, maar as u betoog is dat 'n mens dit maklik kan kry, dan is u seker nie verplig om dit te antwoord nie. Het u die verwysing na daardie notules?

MNR. JACOBS : Dit is BEWYSSTUKKE D, E, F, G, H EN J. Van die sekretariële verslae, word hulle ingesluit by hierdie BEWYSSTUKKE D, E, F, G, H EN J sover hulle beskikbaar is.

HOF : En 18.3, waar vind 'n mens dit? (20)

MNR. JACOBS : Dit is BEWYSSTUKKE D TOT J. Dit is verslae van die streke. Waar sover moontlik is, is hulle ook deel van nekvergaderings. Die nekvergaderings is die notules BEWYSSTUKKE D TOT J.

HOF : U bedoel die streeksverslag word geïnkorporeer in die notule?

MNR. JACOBS : Dit is reg. Waar die skriftelike verslag wat bespreek is beskikbaar was, is dit aangeheg.

HOF : Kan u ons net 'n kykie gee in u sisteem. As u D het en u het D(1), (2) en (3), waarom het u die drie saam ge- (30) groepeer? Wat is die gedagte met u sisteem?

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : D was die notule aan die begin - toe ons die goed begin nommer het, was dit die notules wat geneem was D(1). D(2) was Port Elizabeth Workshop wat 'n deel gevorm het van hierdie dokument. Dit is 'n verslag oor 'n werkswinkel.

HOF : Is u sisteem dan so dat D is een vergadering met sake wat daar ter sprake gekom het, (1) is die notule en (2) en (3) is dan aanhangsels tot die notule? Werk dit so?

MNR. JACOBS : Ja. Daar toevallig is D(3) die National Secretarial report to national launching conference.

HOF : Dit is nou by D. Kom ons vat nou C. By C byvoor- (10) beeld het u 'n hele aantal dokumente. Dit loop tot by honderd en iets. Waarom het u hulle saam gegroepeer?

MNR. JACOBS : Dit is die dokumente oor die organisasie van die UDF self.

HOF : Het u self 'n lys waarin u u sisteem uiteengesit het? Waarom u dokumente by A het, wat se soort dokumente A is en wat se soort dokumente B is?

MNR. JACOBS : Ons het 'n indeks van die dokumente net soos hulle so bymekaar is. Al die A's en die B's, die wat ons nog besig is om reg te maak, wat ons beskikbaar sal stel (20) aan die Hof. Op hierdie stadium ... (Hof kom tussenbei)

HCF: Nee, ek vra u dit nie om u vas te vra nie. Ons het net gewonder hoe die sisteem inmekaar sit, want as 'n mens dit ken weet jy vinniger om 'n dokument te kry.

MNR. JACOBS : Ons het probeer om min of meer, dit is so 'n onbegonne taak om soveel dokumente in so 'n kort bestek te doen, om die dokumente byvoorbeeld in te deel by vergaderings en volgens ons indeks is party kampanjes wat gevoer is, die dokumente waaroor ons beskik wat gaan oor "workshops" of werksinkels dit ingesit by opleidingskursusse om hulle bymekaar(30) te hou en min of meer daardie volgorde te volg om te probeer

... / om

om - dan is daar nou wat jy nie dadelik kan inklassifiseer nie, soos die W reeks. Dit is meer die publikasies en tydskrifte en daardie goed wat oor die hele spektrum gaan. Daar gaan dit miskien oor 'n kampanje oor Swart plaaslike besture, of dit gaan oor 'n kampanje in dieselfde dokument of propaganda oor die verdedigingsmag of die nuwe grondwet. So, dit kon ons nie kry by daardie spesifieke kampanje nie. Ons het probeer om naastenby te hou by sekere aspekte in die akte van beskuldiging, maar die ding het toe so deurmekaar geraak dat ons toe maar op hierdie metode besluit het. (10)

HOF : Ons was by 18.3. U sê dit staan in BEWYSSTUKKE D TOT J. Dan 18.4? Nee, dit is nie gevra nie. Die volgende een is 19.1?

MNR. JACOBS : Dit is dade 10 tot 17. Die notules daarvan is BEWYSSTUKKE K TOT R.

HCF : En 19.2?

MNR. JACOBS : Verslae oor vergaderings 10 tot 17 is waar beskikbaar verskaf. Dit is ook dan aangeheg by BEWYSSTUKKE K TOT R waar hulle beskikbaar is.

HOF : Die volgende een is 26? (20)

MNR. JACOBS : Dit gaan oor dade 50 tot 60.

HOF : Waar is hy in die nadere besonderhede?

MNR. JACOBS : Ten aansien van paragrawe 50 tot 65. Dit is die kampanjes wat gevoer was wat ek nou-nou vir u genoem het hierso.

HOF : Waar is die antwoord in die nadere besonderhede?

MNR. JACOBS : Paragraaf 26, bladsy 71. Die wesenlike aspekte uit hierdie dokumente ten aansien van hierdie kampanjes word kernagtig en word as - besonderhede word gegee in elk van hierdie dade. Daar word gesê uit hierdie publikasies uit, (30) wat word daardeur bereik, as 'n mens kyk na die dade self.

... / HOF

HOF : Nee, die gedagte is dat u moet verwys na die kodenommers van die dokumentasie wat u aanhaal of waarna u verwys in paragraaf 26 op bladsy 71.

MNR. JACOBS : Ek wil dit so stel. Die Staat het hierdie kerngedagtes, die besonderhede gegee in die daade self wat uit hierdie dokumente belangrik is. Dit word genoem in die daade.

HOF : Dade watter tot watter?

MNR. JACOBS : 50 tot 65. Die Staat hoef in elk geval nie eers dokumente te gegee het nie en om hierdie dokumente te gaan spesifiseer, elkeen of om daarso, wat My Geleerde Vriend (10) ook gevra het, dele daarvan te gaan spesifiseer is eintlik 'n onbegonne taak. Net die W reeks alleen ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kan u my nou net sê in watter reeks die dokumente is? Dit sal al help.

MNR. JACOBS : Dit gaan die getuienis wees om die bewerings in die akte van beskuldiging in daade 50 tot 65 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, maar watter reeks is dit? Is dit alles in die W reeks?

MNR. JACOBS : Dit is maar 'n deel daarvan. Dit gaan oor die (20) hele spektrum van hierdie dokumente.

HOF : Dit gaan oor al die dokumente?

MNR. JACOBS : Ja. Daarom sê ek dat in die akte van beskuldiging die kern wat uit elkeen van die dokumente uitgehaal is as getuienis. Daar is 'n herhaling van dokumente wat op verskillende wat dieselfde boodskap bring. Die besonderhede is verskaf wat die kern van hierdie dokumente sal wees.

HOF : Is die paragrawe in die akte van beskuldiging 50 tot 65 - handel dit met die propaganda-kampanjes?

MNR. JACOBS : Dit is reg. So, onder andere sal dit die (30) W's wees wat daar is.

... / HOF

HOF : Hier is 'n hele pak dokumente. U sê hieruit blyk dat daar 'n kampanje gevoer is byvoorbeeld teen konskripsie en dit het die volgende ten doel. Haal u dan die doel van die kampanje ook uit die dokument of bewys die dokument slegs die kampanje?

MNR. JACOBS : Die dokument sê daarso - as ek net hier 'n voorbeeld kan noem. Kom ons kyk nou na 50 self, bladsy 216 van die akte van beskuldiging. Dit gaan oor die kampanje om die regering se beleid en wetgewing ten opsigte van verskuivings en hervestigings van bevolkingsgroepe en groepsgebiede te gebruik. Uit die dokumente blyk dit dat die massas (10) geïndoktrineer, opgesweep en gekondisioneer word. Dan gaan ek oor na die volgende en dan sê ek daar onder aan "Plakkate, plakkers uitgegee en versprei waarin propagandaveldtog gevoer word waarin onder andere ..." dan gee ek die inhoud daarvan van die dokumente. "Die massas geïndoktrineer word, opgesweep en gekondisioneer word om te aanvaar en te glo dat die voer van hierdie kampanje deel vorm van die sogenaamde bevrydingstryd van die massas en dat hulle reeds deelneem aan hierdie stryd en aanstig, aanmoedig of verkry word dat hulle moet deelneem aan die sogenaamde vryheidstryd. (2) Die massas (20) geïndoktrineer word, die Blankes in die minderheid te haat as onderdrukkers en hulle gemeenskaplike vyande te beskou.

HOF : Kan ons nou net daar pouseer. Kom ons neem nou die aspek van die Blankes haat. Staan dit in elkeen van die dokumente of is daar miskien drie of agt waarin die staan of waarvan u dit aflei?

MNR. JACOBS : Dit staan nie in elkeen van die dokumente nie.

HOF : Ek kan begryp dat u sê al die dokumente toon aan dat daar 'n kampanje is sonder om nou te verwys na die verskillende dokumente, maar as al die dokumente nie aantoon dat mense (30) aangespoor word om Blankes te haat nie en daar is miskien vyf

... / uit

uit vyfduisend, moet u dan nie na daardie dokumente verwys nie?

MNR. JACOBS : Maar is die Staat verplig om hierdie dokumente so te gaan spesifiseer en uit te haal as die Staat die kern van die dokumente gee? Die bewys daarvan is mos iets wat die Staat - dit is 'n dokument wat die Staat nie hoef in te handig nie, nie hoef te bewys nie. Die Staat het dit gegee omdat dit so 'n massa dokumente is en besef het dat hier gaan 'n geweldige vertraging in die verhoor kom as dit lateraan kom en ons by elke geleentheid kom en ons gee die dokumente in en die verdedi-(10) ging moet dit dan bestudeer. Dit is gedoen uit doelmatigheid en uit billikheid uit. Dit gee die verdediging die geleentheid om dit voor die tyd te bestudeer. Die Staat het eintlik so vergegaan om getuienis hier te openbaar vir doeleindes van doelmatigheid.

HOF : Ek dink 'n mens moet twee dinge onderskei. Die een is dat 'n mens aan die verdediging 'n klomp dokumente gee en sê kyk, dit gaan later getuienis wees, julle kan intussen daarna kyk en dit lees. Die ander is dat 'n mens 'n klomp dokumente by wyse van verwysing deel maak van die nadere besonderhede (20) en dit dus inkorporeer in die akte van beskuldiging. Dit is twee dinge wat 'n mens uitmekaar moet hou. Waar u sê 'n klomp dokumente is verskaf, wil die verdediging weet is dit nou geinkorporeer, is dit deel van die klagte of is dit nie? As dit nie deel is van die aanklag nie, maar is maar net bewysmateriaal, dan is daar miskien sekere leentes wat nie beantwoord is op die vrae nie. Byvoorbeeld as daar nou sou gevra word julle het 'n propaganda-kampanje aan die gang gesit, of gesê word julle het 'n propaganda-kampanje aan die gang gesit om Blankes te haat, dan word die vraag gevra nou maar wanneer en waar (30) is die materiaal versprei, waaruit dit blyk. U antwoord

... / daarop

daarop is hier is 'n klomp materiaal, soek self.

MNR. JACOBS : Dit is die beste - die Staat het maar drie weke kans gehad om hierdie besonderhede in te gee en toe gaan ons na die hof dadelik toe. Toe was daar nog 'n verdere twee weke gewees. Ons het bietjie meer as 'n maand ... (Hof kom tussenbei)

HCF : Nee, kyk, ek wil nie met u debatteer oor of u dit kon doen of nie kon doen nie. Ons is nou net besig om te debatteer en ek wil helderheid vir myself kry. Ek wil nie hier 'n bevel maak teen die Staat dat hy dinge moet doen wat ek regtens (10) nie behoort te maak nie. Ek wil presies weet wat u standpunt is ten aansien van elkeen van hierdie vrae. Is u verplig om hom te antwoord of gaan die vraag te ver? Dit is wat ek besig is om met u te debatteer, maar ek dink ons sal nou eers 'n bietjie verversings geniet.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

HOF : Wat is die rede vir die vertraging?

MNR. JACOBS : Daar was 'n bespreking gewees oor sekere dinge met reëlins dat die prisoniere van hulle familie kan sien.

HOF : Kan die besprekings nie maar gedoen word in etenstyd (20) nie? Ons moet probeer om hierdie saak vlot te laat verloop om op tyd te begin by elke verdaging, anders gaan ons soveel tyd verloor in die loop van die saak dat ons weke langer gaan sit.

MNR. JACOBS : Ek is jammer. Daar is blykbaar sekere reëlins getref en toe moes ek sekere van die polisie gaan sien, die verdediging het my gevra om dit te doen, om te hoor wat is daar aan die gang.

HOF : Waar was ons laas?

MNR. JACOBS : Ek dink 26. Dit is dade 50 tot 65. Die dokumente wat dan daar verskaf is, is eintlik in die breek. (30)
Dit sal die bewysmateriaal wees wat aangebied gaan word. Soos

... / ek

ek sê kernagtig is die besonderhede gegee in die daade self, wat die besonderhede is waarna verwys word wat die beskuldigdes ten laste gelê word. Die res van hulle is bewysmateriaal daarso. Dan is dit 27.1. Dit is die Swart plaaslike besture kampanje. Dieselfde geld hier ook. Die kern van die dokumente wat handel oor Swart plaaslike besture word weergee in die besonderhede soos in daad 66 uiteengesit en die dokumente is verskaf vir die verdediging as hulpmiddel om te weet wat is die hele lot, soos ek reeds gesê het, omdat dit so 'n ingewikkelde en groot klomp dokumente is, sodat hulle dit voor die tyd kan kry om(10) te lees, om tyd te bespaar en ook aan hulle inligting te gee.

HOF : U standpunt is, die dokumentasie is nie deel van die nadere besonderhede nie?

MNR. JACOBS : Eintlik is dit nie. Die hele bedoeling is dat dit gaan tyd spaar. 27.2, dit is daad 66(2). Dit gaan oor die beginsels dat alle geaffilieerdes die kampanjes moet voer. Die besonderhede word ook gegee in daad 66(2) van die akte van beskuldiging en dit word - verder word daar heelwat besonderhede gegee in daad - op bladsy 71 van die besonderhede van 27.2. In die geval van 27.2 word daar verwys na die (20) volgende bewysstukke en vele ander. Dieselfde bedoeling is hierso, dit is om vir die verdediging inligting te gee. Op hierdie stadium word dit nie deel van die akte van beskuldiging nie, want die besonderhede word daar uiteengesit. 27.3.1.
... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik nou. U gee nou besonderhede in paragraaf - die antwoord op 27.2. Nou sê u aan die einde van die besonderhede "onder andere word verwys ook na die volgende bewysstukke" en dan word hulle genoem "en vele ander. Verder word beweer dat die Staat ..." Kom ons laat die "vele ander" vir 'n (30) oomblik net buite rekening. Wat is E(1) nou? Is dit

... / gefinkorporeer

geïnkorporeer in die nadere besonderhede of is dit nie geïnkorporeer in die nadere besonderhede nie? Is daar party plekke waar u bewysstukke inkorporeer as deel van die nadere besonderhede wat klaarblyklik so is as 'n mens die eerste antwoord bekyk. Is hierdie bewysstukke nou nie geïnkorporeer nie, al word hulle spesifiek na verwys?

MNR. JACOBS : Nee, dit was nie geïnkorporeer nie, want dit is maar net om meer inligting te gee aan die mense.

HOF : Ja, maar hoe moet die persoon wat dit stuk lees dit weet? Want net daar bo staan "Soos beliggaam in BEWYSSTUK A(1)." (10) Is dit nou geïnkorporeer in die nadere besonderhede?

MNR. JACOBS : Maar BEWYSSTUK A(1) is geïnkorporeer in die besonderhede. Hy is deel van paragraaf 1.1.

HOF : Ja, maar as hy geïnkorporeer is, waarom is E(1) dan nie geïnkorporeer nie? Ek kan begryp as u sê hier is 'n bondel dokumente. Julle kan maar self ook ondertussen kyk. Van hulle gaan ek gebruik as getuienis, maar dan raak dit nie die antwoorde op vrae nie. Dan moet 'n mens by elke vraag vra is die vraag geregverdig en wat is die antwoord daarop? Maar soos u dit hier stel, kan 'n mens die antwoord lees in Ad para-(20) graaf 27.2 en dan as jy dink dat jy nog iets wil weet, dan lei jy af dat jy dit moet gaan soek in E(1) of in F of G(1) of G(6). Is dit die bedoeling?

MNR. JACOBS : Dit is net omdat dit hier gestel is dat onder andere word daarso daardie dokumente genoem en vele ander en dit is waar 'n beswaar teen is, met die vele ander en onder andere. My bedoeling was dat hierso gee ons besonderhede, hier kan hulle dit kry, want ons sê die besonderhede "Ander organisasies waaronder VCA het later met affiliasies die beginsels aanvaar." Dit is die besonderhede wat ons gee. Die (30) bewys gaan kom uit hierdie dokumente wat genoem word.

... / HOF

HOF : Verwys u na E(1)?

MNR. JACOBS : Ek sal nou net kyk. Op bladsy 3 :

"Make organisations to sign UDF declaration as a way of making them feel part of the front."

HOF : Waar staan dit?

MNR. JACOBS : Paragraaf 5.1.2. Paragraaf 27.3.1. Dit verwys na paragraaf 66(3) bladsy 273. Dit is die beginsel dat geaffilieerdes plaaslike besture kampanjes moet opneem. Die bewering word al gemaak in die akte van beskuldiging en dan waar daar verwys word na die dokumente, dit is bewysplaas waar (10) hierdie bewering of stelling dat geaffilieerdes die kampanjes moet opneem waar die gekry word uit die dokumente uit. Die dokumente is.

HOF : Wat staan dan in A(1), waar moet ons dit kry, want A(1) as ek reg onthou is 'n taamlike dik dokument.

MNR. JACOBS : Dit is maar eintlik 'n bewysplaas in hierdie geval. A(1) byvoorbeeld is gevra die "working principles." daarso 5.2 :

"All organisations which are prepared to commit themselves to declaration policy and to the program of action (20) will be eligible to make an application for affiliation through the regional councils."

27.3.2, dit is op bladsy 274 van die akte, dit is die bylae tot die akte :

"Om die massas te kondisioneer en op te sweep rondom emosiebelaaide knelpunte wat die lewens van inwoners in Swartwoongebiede direk raak en hulle daaglikse bestaan binne die Swartgemeenskappe ... en wat geïdentifiseer word as sogenaamde 'day to day' issues en waarvan UDF onder andere die volgende geïdentifiseer en gepropageer het: belastingsfooie, bustariewe, gebrek aan (30)

... / fasiliteite

fasiliteite, lewensomstandighede, lone ensovoorts."

Hier gee die Staat dan nou die besonderhede van die daad in 27.3.2. Die Staat se antwoord gegee in paragraaf 27.2 en 27.3 gegee geld mutatis mutandis en verder word verwys na die bewysplase waar 'n mens hierdie dinge weer sal kry. So, hierdie dokumente word gegee om inligting te gee aan die verdediging en wat aangebied sal word as bewys van hierdie bewering. 27.4.1 daad 66(5), dit is leiding deur huisbesoeke ensovoorts. Daar word 'n bewering gemaak in die akte van beskuldiging en dan gaan die Staat - nou sê die Staat hoe dat hulle dit (10) gedoen het in die antwoord op bladsy 73 27.4.1 en dan as bewysplase word daar gegee 'n reeks van dokumente. Daad 66(6) 27.5.1. Die bewering wat die Staat maak is dan soos beliggaam in 66(5), hoe dat hulle dit doen. Dit is koördinasie en terugvoering na UDF. Die besonderhede wat ons daar gee in die akte van beskuldiging paragraaf 2 :

"Genoemde aktiviste verbonde aan - deur deur tot deur besoeke, huisvergaderings, massavergaderings, opstel en verspreiding van propagandamateriaal met die hulp van UDF." (20)

Dat dit so gebeur het, word verder in die dokumente uiteengesit wat daar verskaf is. Dieselfde geld vir daad 66(6). Dit is paragraaf 27.5.1 :

"Die koördinasie het op 'n deurlopende basis geskied sedert 20 Augustus 1983 toe die nasionale loodsing van UDF plaasgevind het en wanneer die verskillende organisasies met UDF geaffilieer en UDF aktief begin ondersteun het. Die koördinasie het geskied onder andere deur die vergaderings wat gehou was deur die nasionale algemene raad, die nasionale uitvoerende komitee, die verskil- (30) lende streeks, algemene rade, die uitvoerende komitees

... / en

en die sekretariaat, soos blyk uit die notules van die vergaderings wat verskaf word as BEWYSSSTUKKE D(1) tot (3)." Die besonderhede word dan verskaf hierso hoe dat die koördinasie gedoen is oor die tydperk, wanneer dit gedoen is en om daardie bewering van die Staat en feite van die Staat te bevestig word daar dan die dokumente - verskillende dokumente gegee waarna gekyk word. Dit dien as 'n bewysplaas.

HOF : Kom ons pouseer nou net daar. As dit nou nie deel is van die nadere besonderhede nie, maar net om die verdediging te help, waar is die antwoorde dan op hierdie vrae wat gevra(10) is in 27.5. As 'n mens nou 27.5.1 :

"Upon precisely what date, precisely where and in precisely what manner and by precisely whom is each act of co-ordination alleged to have been executed."

Dan is dit mos nie beantwoord nie. Dan het u gesê kyk, dit is op 'n deurlopende basis gedoen. U het nie gesê wie dit gekoördineer het nie en hoe dit uitgevoer is nie.

MNR. JACOBS : "Die koördinasie het op 'n deurlopende basis geskied toe die nasionale loodsing van UDF plaasgevind het en aan en wanneer aan verskillende organisasies (20) geaffilieer het, (dit is van die datum wat hulle affilieer het) of aktief begin ondersteun het. Koördinasie het geskied onder andere deur die vergaderings wat gehou was deur die nasionale algemene raad, die nasionale uitvoerende komitee, die verskillende streeks, algemene rade en uitkomitees en die sekretariaat."

As ons dan na die ander dade teruggaan van die vergaderings wat gehou is, dit is tog dade wat daar is en daarop is die mense wat teenwoordig was en die name van beskuldigdes wat daarmee gemoeid was ook daarby genoem. (30)

HOF : Ja, maar dit word nie hier gesê nie. Kyk, u het nie 'n

... / kruisverwysing

kruisverwysing hier na vorige vergaderings of dade nie.

U verwysing hier is na die bewysstuk. Al wat ek met u opneem is, as u ek moet die bewysstukke ignoreer omdat dit net ter inligting gegee is om hulle te help, dit is nie deel van die nadere besonderhede eintlik nie en ek kyk dus nie na daardie nie, waar kry ek dan die gegewens oor waar die koördinasie geskied het en hoe dit geskied het? U sê die koördinasie is by wyse van vergaderings. Is u houding dat die vergaderings self koördineer omdat hy die mense saam trek op 'n vergadering?

MNR. JACOBS : En op die vergaderings. U sal sien op die (10) notules van daardie vergaderings sal dit dan bewys word hoe dat hulle koördineer, dat beplanning gedoen word, verslae moet terug gedoen word aan die vergaderings vanaf geaffilieerdes, wat hulle gedoen het met die uitvoering van projekte. U sal sien die eerste deel daar die koördinasie blyk ook verder - net voor dit, is die verwysing na daardie vergaderings wat ook reeds genoem is by die vergaderings vroeër. By paragraaf 2 van die eksepsie op bladsy 4, dit was die oorsaak hoe dit gebeur het. Die vraag word verskeie kere gevra en elke keer het ons geantwoord. Eintlik wat hier is, die (20) antwoord is dat ons weet nie presies wanneer en hoe hulle tot die sameswering toegetree het nie.

HOF : Wel, is u antwoord dus daar dat u daardie besonderhede moet gee?

MNR. JACOBS : Ek moet dit gee. Dan paragraaf 3 van die eksepsie op bladsy 5. Ons moet hier kyk na antwoord in paragraaf 1.4.1 op bladsy 27. My submissie is dat hierdie antwoord wat gegee word op bladsy 27 is eintlik duidelik. Die Staat steun nie op 'n uitdruklike bewoorde sameswering of ooreengekome sameswering nie. Nogtans het die sameswering gestalte(30) gekry. Van daardie tyd af het ons die bestuurstruktuur, hoe

... / dat

dat hy gefunksioneer het.

HCF : Sou dit nie duideliker gewees het as u gesê het die Staat steun nie op 'n uitdruklike bewoorde sameswering nie. Die sameswering is vergestalt gedurende die stigting van die UDF. Waarom moet die woord "uitdruklik" inkom na sameswering en waarom moet die woord "nogtans" daar inkom voor sameswering?

MNR. JACOBS : Dit is miskien maar taalgebruik.

HOF : Ja, maar as u die woord "uitdruklik" gebruik, die tweede keer - u moet onthou die vraag is gemik op 'n "express agreement", 'n uitdruklike ooreenkoms. Nou gebruik u die woord(10) uitdruklik. Dan sê u die sameswering is uitdruklik vergestalt.

MNR. JACOBS : As 'n mens hierdie hele antwoord in sy samehang neem, die "uitdruklik vergestalt", op daardie vergadering is mense nou gekies, hulle het werksbeginsels aanvaar en so aan, maar hoe dat die beplanning vooraf gedoen is daar en wie die mense is, weet ons nie. Hoe dat hulle daarna gegaan het, dit word verder in die antwoord gegee, maar hy kry tog op daardie vergadering, by daardie geleentheid, 'n werklike tasbare - om dit so te noem 'n tasbare, uitdruklike gestalte en dan gaan die Staat voort om te sê na daardie gebeurtenis, hoe dat die(20) mense daar by gekom het, is ook onbekend, maar die hele ding is maar net dat hier het 'n gestalte te voorskyn gekom waaronder of onder wie se vaandel hulle voortaan gewerk het. Voor dit was daar organisasies en al daardie dinge gedoen. 'n Mens weet nie wie die persone is, in alle gevalle hoe dat hulle gewerk het en hoe dat hulle te werk gegaan het nie, maar op hierdie geleentheid toe kom daarso nou iets wat 'n mens opmerklik kan sien.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Dan wil ek net vir my inligting vra, die tweede uitdruklik, die woord uitdruklik slaan tog op (30) bewoording, nie waar nie? Op skrif of mondeling, die bewoording,

... / dit

dit is wat u bedoel daar, vergestaltung, hy het liggaam gekry, "incorporated". Wat beteken uitdruklik? Dit is vir my onduidelik. "Uitdruklik vergestalt"?

MNR. JACOBS : Hier het 'n klomp mense gekom, hulle het hulle gevoelens saamgevoeg en hulle het daar hulle gevoelens geuiter en op daardie stadium, op daardie uiting, op daardie uitdruklike vorming het hulle die UDF tot stand gebring. Met ander woorde, hier kry 'n mens nou die eerste keer waar dit nou werklik - kry jy uitdruklik hier te doen met die UDF. Kan 'n mens dit miskien sê, 'n duideliker of 'n beter woord sou miskien gewees het dit het duidelik vergestaltung gekry. Dit was miskien 'n swak woordgebruik daar gewees, want die res van die antwoord op hierdie ding, maak die res van die situasie duidelik. Ek mag net hierso sê dat hierso in die bevel wat ook gevra word hierso in deel B van die bevel op bladsy 6 van die eksepsie, se antwoord word reeds verskaf in hierdie paragraaf 1.4.1 op bladsy 27 en veral bo-aan bladsy 28 van die besonderhede. (10)

HOF : Nou is u 'n bietjie vinnig vir my. Wat gevra word waar?

MNR. JACOBS : By daardie selfde vraag daar. Ek het dit net vir volledigheid gedoen. Dit is by paragraaf 3 eksepsie bladsy 5, die een wat ons nou behandel het met die vergestalt. Die tweede punt daar wat gemaak word by die eksepsie is die bevel wat gevra word in deel B van die bevel op bladsy 6. Die antwoord word reeds verskaf in paragraaf 1.4.1 op bladsy 27 tot bo-aan bladsy 28, want dit sê daar : (20)

"Wanneer, waar en hoe die lede van die massasameswering voor die stigting van die UDF deel van die sameswering geword het, is aan die Staat onbekend."

Dit kom vervolgens by paragraaf 4 op bladsy 6 van die eksepsie. Dit verwys na paragraaf 1.5, die besonderhede op bladsy (30)

28. Die besonderhede wat die Staat gee is :

"Die bestaan van die sameswering word afgelei van onder andere die feit dat die ontstaan van UDF georganiseer was, dat dit tot stand gekom het met 'n spesifieke doelstelling en projekte, dat 'n bestuurstruktuur en amptenary ontstaan het wat verantwoordelik is vir die beleidsbepaling en koördinerings en uitvoering van die kampanjes en besluite deur aan te sluit by die UDF geaffilieerdes, deur die UDF aktief te ondersteun en mee te doen aan die uitvoering van die kampanjes en besluite deur UDF geneem en aan- (10) vaar, deur aktief te organiseer en mee te doen aan die mobilisering, organisering en politisering en aktivering van veral die Swartmassas."

Dit gee vir ons meer as redelik genoeg inligting om die bestaan van die sameswering af te lei.

HOF : Berus u net by 1.5 of berus u ook by wat gesê word op bladsy 39?

MNR. JACOBS : As ek net mag sê. Hier gaan dit net bloot op die sameswering en 9 gaan ook oor die doelstelling, maar dit was apart gevra. Dit was nie as deel van die vraag gevra (20) nie. So, die twee dele vul mekaar aan. Ek mag miskien op hierdie stadium net sê - ek kan dit miskien 'n bietjie vooruit loop - dat die vraag was gevra of ons op 'n sameswering of op 'n aparte doel steun. Dit kom in een van die vrae hier voor. As u kyk na die akte van beskuldiging dan is daar nooit in die alternatief dit so gestel nie. Die doelstelling van die UDF, ons stel dit op bladsy 12 :

"handelende met 'n gemeenskaplike opset en ter uitvoering en bevordering van bogenoemde sameswering."

Soos ek dit sien, ek mag verkeerd wees, maar die mense het (30) 'n gesamentlike doelstelling en die sameswering is die uitvoering

... / van

van daardie doelstelling. Dit is 'n aaneenskakeling van die twee. Ek mag net, terwyl ek hier is - ek het nie die passasie nou hierso nie, in R v ALEXANDER 1964 (1) SA word dit gesê - 249 (K) :

"Dit sal voldoende wees as die Staat genoegsame besonderhede (ek het my vertaling gemaak) in die klagstaat meld om te bewys dat die beskuldigde deur te doen wat beweerd word hulle sou gedoen het, hulle geassosieer geraak het, die een met die ander in 'n onregmatige doel of skema en dat die reeks handeling deur hulle gerig was gedoen (10) in verband met die uitvoering van die regmatige doel."

So word dit ook gestel as 'n mens kyk na S v MOMBARI AND OTHERS 1974 (1) SA 681 (T). Dit gaan ook oor 'n "common design is the root of the conspiracy." Dan sê ek :

"Dit is nie nodig om te bewys (en dan haal ek gaan) that the conspirators came together and actually agreed if they pursued by their acts the same object. Often by the means of ... and the conclusion may be justified have engaged in a conspiracy to effect the object."

'n Mens moet dit sien, die mense moet - om dit duidelik te (20) verstaan, soos ek dit sien - 'n gemeenskaplike opset hê en rondom daardie gemeenskaplike opset, voer hulle uit om dit te verwesenlik. So, wat die Staat dan hier gestel het, is hulle het 'n gemeenskaplike opset en wat ek duidelik dan ook wil sê is, ons stel nie op twee verskillende gemeenskaplike objekte, een wat apart is en een wat deel is van die sameswering nie.

HCF : Sê u 'n sameswering het noodwendig as komponent 'n gemeenskaplike opset?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HCF : Maar waarom noem u dan 'n gemeenskaplike opset apart (30) van 'n sameswering?

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : As 'n mens kyk na hierdie gesag, dan kry 'n mens die idee jy het 'n gemeenskaplike doel en om dit te verwesenlik het jy hierdie sameswering en jy voer dit uit. So, daardie sameswering is die uitvoering van 'n gemeenskaplike doel. Dit is miskien onnodig gestel, maar dit is wat bedoel word. Ek moet dit dan ook net vir die Hof bring, die vrae van My Geleerde Vriend, stem miskien uit R v ADAM en dan op bladsy 654 het hulle dit blykbaar daar in 'n alternatief gestel. Dit is by paragraaf A. Die Staat het daar blykbaar 'n "common purpose" gestel en/of 'n sameswering. Dit kan onderskei word. Hier (10) is dit nie en/of gestel nie, nooit nie. Dit is "en", hy is gekoppel aan hom :

"What presently appears to us as a possible cause of embarrassment is the introduction by the Crown of the allegation in concert and common purpose as an alternative to the alleged conspiracy."

Ons het dit nie in 'n alternatief gestel nie. Die doelstelling van die UDF word dan gegee in die aanhef en dan hoe om hierdie doelstelling te verwesenlik, wat dan die uitvoering is van die sameswering. Dit word uiteengesit in die dade 1 tot 77. (20) As u kyk, in elkeen van die dade word daar terugverwys ter bevordering of uitvoering van die doelstelling van die ANC, sameswering, of van UDF of van SAKP.

HOF : So, wat u sê, die antwoord op hierdie vraag "It is not clear from the answer what die spesifieke doelstellings of the UDF are alleged to be." U antwoord daar is "Kyk na die aanhef van die akte van beskuldiging."

MNR. JACOBS : Daar het ons die doelstelling. Daar mag kort termyn doelstellings wees. Ek kan net vir u sê dat elkeen van hierdie dade, byvoorbeeld die doelstelling om die mense te (30) organiseer rondom Swart plaaslike besture en hulle te organiseer

... / is

is 'n kort termyn doelstelling. Dit kan van die doelstellings wat My Geleerde Vriend gister so baie van gepraat het wees om die mense te organiseer rondom byvoorbeeld behuising, is 'n kort termyn doelstelling van hulle, om die mense vir hulle uiteindelijke doel te organiseer onder "day to day issues". Dit is 'n kort termyn doelstelling en dit word darem heeltemal volledig gesit in die akte van beskuldiging in die verskillende dade.

Paragraaf 5 op bladsy 7 van die eksepsie.

HOF : Net 'n oomblik. U gaan nou 'n bietjie maklik hieroor.(10)
U sê u lei die bestaan van die sameswering af van die totstandkoming van die UDF met spesifieke doelstellings en projekte. Nou sê u vir my daardie spesifieke doelstellings en projekte is wat u in die aanhef uiteengesit het.

MNR. JACOBS : Ja.

HOF : Dit wil sê die omverwerping van die Staat deur geweld. Nou wil die verdediging weet waar staan dit, want hulle vind dit nie in A(1) nie en hulle vind dit ook nêrens in 'n ander dokument nie, sê hulle.

MNR. JACOBS : Die besonderhede wat verskaf word ten opsigte(20) van samewerking en doelstelling van die UDF en van die ANC is voldoende vir hulle om die klagte te werk. Om daardie ding te gaan bewys is 'n kwessie wat die Staat moet bewys.

HOF : Kom ons laat nou die ANC eenkant voorlopig, want ons moet nie die ding deurmekaar gooi nie. Die bewering is dat julle het saamgesweer om die Staat met geweld omver te werp, omdat julle aangesluit het en deel was van die UDF en die UDF se doel is om die Staat met geweld omver te werp. Dit is die bewering. Dit staan in die aanhef.

MNR. JACOBS : Dit is reg. (30)

HOF : Nou wil die verdediging weet, die dokumentasie wat

... / julle

julle vir ons gegee het, toon dit nie aan nie. Waar kom julle by daardie doelstelling uit? Om te sê dit sal getuienis wees, is dit voldoende?

MNR. JACOBS : Dit sal afgelei word van die totaliteit van al die getuienis.

HOF : Maar gaan dit afgelei word van wat? Van die dokumentasie of van meer as die dokumentasie?

MNR. JACOBS : Maar kyk op bladsy - 'n mens moet in hierdie geval saamstem die doelstelling en die sameswering want hulle hang saam. Saam met dit moet 'n mens dan 9 ook lees. As 'n (10) mens nou vat plus 1.6.1. :

"Die Staat steun nie op 'n uitdruklike bewoorde sameswering nie. Presies waar, wanneer en hoe die sameswering tot stand gekom het, is aan die Staat onbekend. Persone wat deelgeneem het aan die organisasie ..."

'n Mens sal al daardie saam moet lees, want dit is deel van die hele kwessie van die doelstelling. Die Staat sê op hierdie stadium, is dit vir die Staat nodig om te gaan sê ek kry dit uit hierdie dokument uit of ek kry die afleiding van die sameswering uit al die aktiwiteite. (20)

HOF : Maar hoe moet die mense voorberei as hulle vyfduisend dokumente het en hulle vind nie in daardie dokumente dat die UDF met geweld die Staat omver wil gooi nie? Hoe moet hulle die getuienis ontmoet? Kyk, as - kom ons vergeet nou dat daar dokumente is. Gestel daar is geen dokumente nie en u bring hierdie saak hof toe. Sou hulle nie geregtig wees om te sê u gaan nou getuienis lei van 'n sameswering wat ten doel het dit en dit en dit. Wanneer het die samesweerdere besluit dat die doel is om die Staat omver te werp? Waar is die besluit geneem? Wie was daarby betrokke? (30)

MNR. JACOBS : Daardie presiese datum kan ons nie gee nie.

... / Ons

Ons kan dit alleen aflei van die omstandighede van al die sake. Ons kan die res van die besonderhede, wat ek vir u gevra het om ook in gedagte te hou by hierdie doelstelling van die UDF, is in die akte van beskuldiging. Nou word daar besonderhede gegee hulle voer kampanjes. Kom ons vat die Swart plaaslike besture. Dit word opgeneem in die Vaal. Dit is 'n UDF kampanje. Ons neem dit eers so, dit is 'n UDF kampanje. Die kampanje word opgeneem deur die geaffilieerdes. Die geaffilieerdes gaan voort en hulle organiseer mense, weer onder leiding van die UDF "on day to day issues". Die mense word (10) opgesweep. Daar is niks - geen ander manier waarop hulle hulle doel kan bereik nie. Ons gaan verder. Die UDF wil die regering ekstra-parlementêr omver werp, wat ons besonderhede ook in hierdie ding is. Hulle organiseer die mense. Daar is nie 'n ander forum nie. Daar is nie toesprekings nie, want die eise wat hulle stel dat die land se grondwet opgeskort word, die veiligheidsmagte ontbind word, voordat daar eers gesprek kan word. Nou word die mense opgesweep rondom hierdie kampanje, rondom daaglike probleme en dan as die mense opgesweep en kwaad is, dan wat moet hulle doen? Hulle (20) gaan na die vergaderings en op die tonele soos in ons akte van beskuldiging beweer word gelei om raadslede te gaan doodmaak as deel van hierdie hele opset om Swart plaaslike besture onregeerbaar te maak om "liberated zones" daar te skep en so aan. Dit is alles die groot totaal waaroor die Staat op die ou end die Hof gaan vra om afleidings te maak. Op hierdie stadium moet 'n mens al vra om te argumenteer oor hierdie punt oor feite wat nog nie eintlik as getuienis voor die Hof is nie en wat nog voorgelê sal word. Dit is wat dit so moeilik maak in hierdie ding. Daarom het ek ... (Hof kom tussenbei)(30)

HOF : U gebruik 'n woord "spesifieke doelstellings." Die

... / verdediging

verdediging wil weet wat bedoel u met spesifieke doelstellings?

MNR. JACOBS : Ek het probeer om te sê spesifieke doelstellings is eintlik kort termyn doelstellings, in elkeen van die dade word dit al gegee om mense op te sweep, "day to day issues". Elkeen van die kampanjes byvoorbeeld is 'n spesifieke doelstelling. Die massas - hoe om die masses te organiseer, politiseer en te aktiveer, om die uiteindelijke "long term" doelstelling te verwesenlik.

HOF : U moet my nou mooi verstaan. In paragraaf 1.5 staan "Die bestaan van die sameswering lei ons af van die feit (10) dat vir die ontstaan van die UDF georganiseer was", dit is die eerste feit "dat die UDF tot stand gekom het met spesifieke doelstellings en projekte". "Dat dit tot stand gekom het met spesifieke doelstellings en projekte." Wat is die doelstellings wat u daarna verwys? Waar staan dit in die nadere besonderhede of verwys dit na die aanhef tot die akte?

MNR. JACOBS : Dit is dan juis gegee as nadere besonderhede. Dit is miskien nie so elegant nie.

HOF : Maar waar is dit nou gegee as nadere besonderhede in hierdie nadere besonderhede? Na watter paragraaf verwys u?(20)

MNR. JACOBS : Dit vind aansluiting by die doelstelling, by die projekte, dan as 'n mens teruggaan na die projekte toe, dan kyk 'n mens na die projekte. Daar het hulle tog doelstellings met hierdie projekte wat hulle wil bereik.

HOF : 'n Projek is die uitvoering van 'n doelstelling, neem ek aan.

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Dit is 'n metode om jou doel te bereik. Ons moet die goed nou uitmekaar haal. Die projekte het u genoem, dit is die kampanjes. Die doelstellings, waar staan dit? Is (30) daar ander doelstellings as wat u alreeds genoem het en waar

... / het

het u hulle genoem?

MNR. JACOBS : Dit is die wat ons sê die Swartmassas moet georganiseer word.

HOF : Nee, u moet my nie vertel nie. U moet my wys op die nadere besonderhede, want die mense moet voorberei op die nadere besonderhede.

MNR. JACOBS : Dit is alreeds in die eerste besonderhede verskaf, in die akte van beskuldiging. Dit is wat ek probeer sê. As ek dit vir u so kan stel. Die bylae tot die akte van beskuldiging is net besonderhede wat verskaf is. Elke daad is (10) besonderhede - ek kon, gestel nou net vir argumentshalwe - die klagstaat opgestel het dat hulle hoogverraad wou gepleeg het, net daardie eerste deel en daar geëindig het. Dan het ek geen besonderhede gegee nie, maar omdat hierdie so 'n omvattende saak is, het ons gegaan en besonderhede gegee van hoe dat die hoogverraad gepleeg is.

HOF : Maar my probleem is by die woord "tot stand gekom het met spesifieke doelstellings." U is besig om vir my te vertel wat hulle later gedoen het en hoe hulle miskien hulle doelstellings bygevoeg het, maar hier staan "Die UDF het tot stand(20) gekom." Nou, ons weet dit het tot stand gekom in Augustus 1983 en 20 Augustus, met spesifieke doelstellings en projekte. Nou is daar alreeds verwys na A(1) waarin die besonderhede van sy totstandkoming kom. Dit wat u daaraan heg, klop nie noodwendig met wat in A(1) staan nie. Nie dat die UDF van tyd tot tyd sekere besluite geneem het en sekere doeleindes vir hom voorgestel het nie. Hier staan dit dat hy tot stand gekom het met 'n spesifieke doel en sekere projekte.

K8 MNR. JACOBS : As 'n mens hierna kyk, is dit natuurlik 'n antwoord op 'n vraag wat gevra was en as hierdie dan onduidelik is, (30) dan sal 'n mens verdere besonderhede moet gee, maar hier is

... / nou

nou, soos My Geleerde Vriende sê, wat nou nuwe inligting is.

HOF : Maar het u bedoel met tot stand gekom met spesifieke doelstellings en projekte dat dit tot stand gekom het en dat di daarna dit vir hom sekere doelstellings en projekte voorgestel het?

MNR. JACOBS : Dit is reg, ja.

HOF : Dit wil sê vanaf Augustus 1983 tot 1984/85.

MNR. JACOBS : Dit is so.

HOF : Maar dit is nie wat hier staan nie.

MNR. JACOBS : Kan ek dit so vir u stel. Ons probeer nie (10) doelstellings verduidelik in paragraaf 5 nie. Dit word gevra

"If the State relies on implied agreement or intent to establish the existence of the alleged conspiracy, not by direct evidence but by inference from facts, then it is required to indicate the facts and circumstances from which the agreement will be inferred."

HOF : Die vraag is dus, julle sê dat julle nie op 'n uitdruklike ooreenkoms staatmaak nie, gee ons dan die feite waarop julle of waarvan julle 'n ooreenkoms aflei. Nou sê u dit moet afgelei word van al hierdie kampanjes wat hulle gevoer het (20) en van sekere notules of ek weet nie wat u alles gaan sê nie. Maar dit is nie wat u hier sê nie.

MNR. JACOBS : Ja, die eintlike bedoeling is dat dit nie daar doodgeloop het by die totstandkoming nie, maar dit het voortgegaan op 'n deurlopende basis.

HOF : Wat u eintlik wil sê is, die UDF het sekere doelstellings wat ek aflei van die volgende feite (A), (B), (C) ensovoorts. Deur aan te sluit by die UDF vereenselwig jy jou by daardie doelstellings en is jy gevolglik skuldig aan wat daarop volg, maar ek weet nie of u dit sê hier nie. (30)

MNR. JACOBS : As ons net kyk na paragraaf 5 bladsy 7 van die

... / eksepsie

eksepsie. Dit verwys na 3.1 en 3.2 van die besonderhede.

Dit is op bladsy 30 van die besonderhede. 3.1. is hier :

"Ten aansien van die bewering wat die Staat in paragraaf (2) op bladsy 5 van die akte van beskuldiging maak, is die Staat van voorneme op die amptelike beleidsverklaring soos uiteengesit in ANC en SAKP publikasies."

Die inhoud ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wat is die bewering wat in paragraaf (2) gemaak word?

MNR. JACOBS : "Wanneer, deur wie en hoe ..." dit is op bladsy 5 paragraaf (2) : (10)

"En nademaal die ANC, sy mede- aktiewe ondersteuners besef, aanvaar, verkondig dat bogenoemde doelstelling slegs verwesenlik sal kan word of moet word as die massas en veral die Swartmassas in die RSA betrek en oorreed kan word en/of moet word om deel te neem aan 'n gewelddadige rewolusie in die RSA en veral sedert Januarie 1983 organiseer en 'n beroep gedoen op sy lede en aktiewe ondersteuners en veral die Swartmassas in die Republiek te organiseer en te mobiliseer, politïes op te sweep en te indoktrineer; (2) sy mede-aktiewe ondersteuners, liggaam(20) saam te werk en te organiseer vir 'n verenigde demokratiese front; (3) Swartmassas te organiseer; (4) "day to day issues" om die Swartmassas te organiseer."

Die argument is dat ons gee hierso - maak ons 'n bewering of ons maak 'n stelling en ons gee besonderhede van wat lede van die ANC direk verkondig. Dit is wanneer, as ek dit so mag stel, die kontras uit te kom. Die vrae wat die verdediging vra byvoorbeeld baiekeer, as die dokument waaruit dit kom nie beskikbaar is nie, dan moet die inhoud daarvan gegee word.

Hierdie wat ons hier gegee het is die inhoud van wat die (30) ANC in hulle amptelike beleids- en ander verklarings gemaak

... / het

het. Die Staat het geweier om die dokumente waaruit dit kom op hierdie stadium te gee, wat die Staat ten volle geregtig was. Die rede hoekom dit geweier word is onder andere dat artikel 56 van die Veiligheidswet maak dit 'n oortreding om verbode publikasies - hierdie is verbode publikasies te versprei en vir ander mense om te besit. Dit is een van die redes. Die tweede is dat die Staat is natuurlik geregtig om dit te doen, om te weier om dit te gee op hierdie stadium en dit sal by die hof ingehandig word en dan is dit beskikbaar, maar die besonderhede wat daar is, word gegee in die akte van beskuldiging. My submitisie dat hierdie inligting wat daarin is, wat die bewering is, is meer as redelik voldoende en die bewys daarvan is dan net 'n kwessie van getuienis.

Dan verwys ek vervolgens na paragraaf (6) van die eksepsie. Dit is op bladsy 8. Dit verwys na paragraaf (4) van die besonderhede op bladsy 30. Die vraag is :

"The following further particulars are required in regard to the allegation on page 5 of the indictment that the ANC organised its members."

Die Staat gee dan ten opsigte van die organiseer in paragraaf 4 (1) tot (4) 'n hele reeks van inligting. (20)

(1) Die ANC se president, O.R. Thambo, het in Lusaka op 8 Januarie 1983 'n toespraak gelewer waarin die stigting van 'n sogenaamde verenigde demokratiese organisasie bepleit word.

(2) Hierdie oproep is in amptelike ANC publikasies opgeneem en in die RSA versprei.

(3) Hierdie oproep was ook aan die SAKP verskaf wat dit ook in hulle amptelike publikasies opgeneem het en in die RSA versprei het." (30)

Oor die organisatoriese feite wat hier gegee word is daar 'n

... / hele

hele klomp. Dan die besonderhede wat verskaf is oor die organisasie. My submitisie is dat ons kan nie al die organisatoriese feite gee wat daar is nie, want ons beskik nie oor almal nie. Daarom word die woord onder andere gebruik. Dit waaroor ons beskik tot op hierdie stadium het ons gegee. Die argument wat ook gemaak word van (f) as is nou feite wat gekom het en so aan. As 'n mens so gaan argumenteer, nuwe feite, dan is elke besonderheid wat gegee word eintlik as nadere besonderhede na 'n versoek gerig, dan is dit nuwe feite. Sal 'n mens dan elke keer kan kom en sê alles is nuwe feite, nou kan 'n mens van (10) nuuts af besonderhede gaan vra. My submitisie aan u is dat hier is genoeg feite verskaf van hoe dit daar georganiseer is om die beskuldigdes in staat te stel om die klagte te ontmoet. Dat die verdere inligting wat gevra word eintlik op hierdie stadium nie verder nodig is dat dit gegee moet word nie.

HCF : Kan ek nou net daar pouseer. Die eerste deel van (a) tot (e) handel met wat die ANC gedoen het sonder noodwendige direkte skakeling met enige van hierdie betrokkenes in hierdie saak, maar (f) kan wel getuienis oplewer wat 'n direkte skakeling gee met sekere van die beskuldigdes in hierdie saak, (20) omdat van hierdie beskuldigings beweer word lede was van geaffilieerde organisasies in die Vaal Driehoek soos die VCA. Sou dit dus moontlik wees om - teoreties moontlik - 'n getuie te bring wat sê in die middel van 1984 het 'n koerier van die ANC met geldelike hulp aangekom by beskuldigde nr. soveel. Onder hierdie besonderhede, is dit moontlik?

MNR. JACOBS : Dit is moontlik.

HOF : En het die koerier hom aangespoor om 'n klip te gaan gooi deur die winkelvenster van winkelier X. Hy kan dit nog baie erger stel ook. Gestel nou u kom met daardie soort (30) van getuienis, sal so 'n beskuldigde nie verras word daardeur

... / nie

nie, as u nie daardie besonderhede gee nie?

MNR. JACOBS ; Is die ... (Hof kom tussenbei)

HOF : In die lig van die feit dat hierdie beskuldigdes of van dié beskuldigdes lede is van daardie organisasies, na bewering?

MNR. JACOBS : Is die toets dan of hy verras sal word deur sulke inligting?

HOF : Die toets is of hy homself behoorlik kan voorberei vir sy verhoor. Natuurlik gaan hy nie weet wat se getuienis alles gaan kom nie. 'n Mens word altyd verras deur elke nuwe (10) getuie, maar in die algemeen gesproke, as die beskuldigdes by die ding direk geïmpliseer is, moet dit nie gesê word nie? Want onder hierdie besondere item is u in staat om getuienis te lei dat van die beskuldigdes geld gekry het van die ANC, sê nou maar om petrolbomme te gooi of so iets.

MNR. JACOBS : Dit is 'n moontlikheid, maar dit mag ook wees dat van die geaffilieerdes ander organisasies is of ander persone is wat nie van die beskuldigdes is nie.

HOF : Heeltemal moontlik, maar u het dit nie uitgesluit nie, deur nie die geaffilieerde organisasies te noem nie. (20) Gestel nou een van die organisasies wat u in gedagte het is die VCA, hier sit 'n paar lede van die VCA in die hof op u saak, dit maak 'n sterk saak teen hulle uit as u dit kan bewys.

MNR. JACOBS : Dit is 'n baie moeilike vraag, want ek kan sien wat die Hof se mikpunt is, maar as 'n mens nou kyk na hierdie vraag. Dit is 'n vraag wat duidelik gevra is oor die betrokkenheid van die ANC se organisasies, sy organisasie van die ANC. Ons maak nooit 'n bewering dat enige van die beskuldigdes lede was van die ANC wat dit gedoen het nie, maar hier word gevra van die organisatoriese stappe van die ANC en wat hulle (30) gedoen het in die uitvoering van daardie organisasies as hulle

... / geskakel

geskakel het met die mense.

HOF : Moet ek dan my oë sluit as daar getuienis is dat hulle toevallig by die VCA aangekom het? Ek sal nou die verdaging neem. U kan my verder toespreek na die verdaging.

HOF VERDAAG TOT 14h00.

HOF HERVAT OM 14h00.

MNR. JACOBS : Ons is nog besig met paragraaf 4 op bladsy 6 van ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Bedoel u met onder andere dit is wat die Staat het op hierdie stadium of bedoel u met onder andere dat die Staat het nog baie ander goed, ons noem nou maar so 'n handjievul? (10)

MNR. JACOBS : Dit is wat die Staat op hierdie stadium het, maar ek mag net vir die Hof sê uit die inligting is opvolgwerk gedoen. Op hierdie stadium beskik die Staat oor hierdie inligting wat verskaf is.

HOF : Maar is dit nie dan wat u moet sê nie? Dat die inligting waaroor die Staat op hierdie stadium beskik is die volgende? As 'n mens sê onder andere, dan wil dit voorkom asof jy nog baie in jou broeksak hou, maar net so 'n paar uithaal.

MNR. JACOBS : Dit is miskien so, maar die onder andere is 'n erkende manier om dit te stel, want dit is wat jy op die oomblik het. Net om hierdie aspek af te handel van hierdie kwessie. (20)
As 'n mens kyk na die vrae wat nou gevra word.

HOF : Net voordat u verder gaan, maar is dit so dat dit die erkende manier is om dit te stel. As jy niks meer het nie, kan jy dan sê onder andere? As jy net tien albasters het, kan jy sê ek het onder andere tien albasters?

MNR. JACOBS : Nee, ek stem saam, maar ek meen, dit is maar 'n manier waarop dit gestel word, maar soos ek sê, dit mag wees, dit is 'n manier om jou nie te bind nie. Daar mag enigiets agterna kom. (30)

HOF : Dan moet jy sê die Staat beskik tans oor die volgende
... / gegewens

gegewens wat hiermee verskaf word.

MNR. JACOBS : Net om die argument dan verder te voer. As 'n mens kyk na die besonderhede wat gevra word, dit is nou op die besonderhede wat verskaf is, op bladsy - dit begin op bladsy 8 waar die bevel gevra word. Tot op bladsy 11 word verdere besonderhede gevra. Dit is nou nuwe besonderhede wat gevra word. As 'n mens hierdie besonderhede wat nou gevra word ontleed en kyk dan word dit eintlik gevra die Staat moet al die getuienis wat hy het openbaar. My submitisie aan u is dat die feite wat die Staat gee hierso wat verskaf is as besonder-(10) hede wat gevra was oor die organisasie van ANC en hoe dat hulle dan geskakel het met hierdie mense, is deel van die ANC se organisasie en dat dit ver gaan buite die perke wat die Staat hoef te gee wat redelik is. My submitisie aan u is eintlik wat hier gegee is, is besonderhede wat voldoende is vir die beskuldigdes om hulle saak te ontmoet en te weet wat aangaan. 'n Mens sou verwag het dat hierdie sou eerder ingekom het as "further and better particulars" as dit dan so moes gewees het en nie deel van 'n eksepsie nie.

Op paragraaf 7 van die eksepsie, dit is die volgende (20) aspek. Dit is op bladsy 11. Daar word verwys na paragraaf 8 van die besonderhede op bladsy 37. In die eerste instansie wil ek die Hof vra om weer te kyk na die inligting wat verskaf is in die dade soos in die bylae geblyk het, watter besonderhede verskaf is. Kyk byvoorbeeld na die gebeure in die Vaal, die dade wat daaroor handel. Dit is absoluut volledig gestel vir die verdediging deur besonderhede te gee. Nieteenstaande die volledigheid van die besonderhede, het die Staat ook in hierdie geval van bladsy 37 tot 39 al die besonderhede daar gegee. Die Staat gee daar voldoende inligting, is my sub- (30) missie aan die verdediging, aan die beskuldigdes, om die Staat

se saak te kan ontmoet en ek kan nie sien dat 'n mens in hierdie geval nog meer inligting kan gee nie, as wat hier gegee word. Die dokumente wat, behalwe vir dié wat in die eerste paragraaf genoem was, waar self die name gekry moes word, is ook in verdere dokumente verskaf waarin gesien kan word of die bewerings van die Staat substantief is of nie. Punt (x) daarvan was taamlik bespreek gewees deur My Geleerde Vriend op bladsy 40 en dat hierdie dokument verskaf moet word. My submitisie aan u is dat dit is bewysmateriaal. So, my submitisie aan u is dat hierdie verdere inligting wat die verdediging nou aanvra (10) in B deel is nou nuwe besonderhede wat gevra word en dit is in elk geval 'n kwessie van getuienis, elkeen van hierdie nuwe vrae wat gevra word.

HOF : Ten einde die verdediging in staat te stel om voor te berei tussen al die dokumente - en dit is nie al dokumente wat daar is nie, daar is seker baie meer publikasies as wat hier voor die Hof is, hulle saak is dat dit nie die UDF se doel was om Suid-Afrika onregeerbaar te maak nie. U sê dit staan uitdruklik in die publikasies en word daar gepropageer. Is dit nie vir hulle nodig om te weet watter publikasies nie? Al (20) verwys u net daarna by datum? Of moet hulle nou vanaf Augustus 1983 al die publikasies gaan deurlees om te kyk watter publikasies dit in sou wees?

MNR. JACOBS : Soos ek sê, dan is dit verdere besonderhede wat gevra word.

HOF : Ons is nie op hierdie stadium besig met 'n aanval op die akte van beskuldiging nie. Ons is besig met 'n versoek om nadere besonderhede. Noem dit dan 'n versoek om beter besonderhede.

MNR. JACOBS : Dit is natuurlik aan die ander kant ook 'n (30) kwessie van bewys.

... / HOF

HOF : Ja, dit is so, maar waar dit eintlik om die kern van die saak gaan.

MNR. JACOBS : Ek kan dit eintlik nie verder vat as om net te sê dit is 'n kwessie eintlik van bewys wat op die Staat rus nie. Die bewering word gemaak. Die beskuldigdes kan dit identifiseer, die bewering wat gemaak word en dan is dit 'n kwessie van - u sien, as ek nie die dokumente verskaf het nie, wat ek heeltemal geregtig was om nie te doen nie, sou daar dan so - ek het nou vir hulle inligting gegee om die goed te lees, is dit vir my nodig om vir hulle sekere - vir die beskuldigdes(10) die interpretasie van die dokumente te gee op hierdie stadium?

HOF : Nee, dit is nie die punt wat ek aan u stel nie. Die punt wat ek aan u stel is, soos daardie antwoord daar staan op bladsy 40, weet 'n mens nie eers of die publikasies waarna verwys is, dit is wat hier voor die Hof staan, dan wel of dit ander publikasies is nie en as dit dit is wat voor die Hof staan en of dit ander is, kan jy jou hand in elk geval nie daarop lê nie, weens die totaliteit daarvan. So, dit wil vir my voorkom asof die verdediging geregtig is om darem te weet wanneer die publikasies gepubliseer is sodat hulle 'n poging(20) kan aanwend om dit op te spoor. Hulle is nie geregtig op afskrifte daarvan nie.

MNR. JACOBS : Dit kom eintlik dan daarop neer, die vraag wat dan gevra word is wat is jou bewys?

HOF : Ja, soms sal dit nodig wees om bewys te gee, afhangende van die omstandighede, maar hierdie is die kern van die saak. As u sê dit is in baie dokumente, dan kan u miskien na tien verwys en sê onder andere is dit in hierdie tien. Ek weet nie van nog ander nie, maar hier is voorbeelde daarvan, want dit is publikasies. 'n Mens hoef nie, as daar 'n duisend en een is,(30) al duisend en een uit te haal nie, maar as dit 'n amptelike

... / publikasie

publikasie is, dan is dit 'n amptelike publikasie.

MNR. JACOBS : Ek kan dit nie verder voer as wat ek sê nie.

HOF : Is u stelling in 13 op bladsy 40 daar dat die UDF as gemeenskaplike organisasie hulp verleen aan die ANC, dit wil sê doelbewus hulp verleen of is u stelling daar dat daar toevallig geaffilieerde organisasies is wat ook lid is van die UDF wat hulp verleen aan die ANC?

MNR. JACOBS : Ek weet nie hoe om dit te stel nie. Ek wil nie al my getuienis nou openbaar nie.

HOF : Wat sê u staan daar? In 13? (10)

MNR. JACOBS : Dat UDF hulp verleen aan die ANC, veral deur sy geaffilieerde organisasies, dit is self en veral ook deur die organisasies wat onder andere insluit hulpverlening aan opgeleide terroriste deur skuiling te bied of inligting te verskaf. As die woord UDF gebruik word, is dit in die aanhef gestel dat UDF optree deur sy lede wat bestuurstrukture is of lede van geaffilieerde organisasies.

HOF : Nee, maar ek kan my indink - kom ons neem nou byvoorbeeld, ek dink een van die lede van die UDF is die Soweto Scooters Union of so iets van daardie aard. Nou ry hulle (20) op hulle Saterdagoggend uitstappie waar hulle gaan braaivleis hou en hulle ry nou iemand dood. Sou dit beteken dat die UDF daarvoor verantwoordelik is?

MNR. JACOBS : Nee.

HOF : Daar moet dus 'n verband wees tussen die UDF en wat die mense doen as dit 'n geaffilieerde organisasie is.

MNR. JACOBS : Maar daardie is nie gedoen ter bevordering van die sameswering of die doelstellings nie. Dit is 'n blote ongeluk. Die verband wat ons daar sal hê met al hierdie aktiwiteite is nie enige man wat nou net in die strate loop en sê hy (30) bevorder die UDF nie. Dit is wanneer hy optree in bevordering

... / van

van die sameswering of die doelstelling van die UDF of van die ANC.

HOF : Nee, u en ek is nie op dieselfde golflengte nie. Ek kan begryp as u sê die UDF verleen hulp aan die ANC, direk, maar u sê veral deur sy geaffilieerde organisasies en ek vra vir u beteken dit dat die UDF 'n besluit geneem het of 'n beleid het dat sy geaffilieerde organisasies die ANC sal help of beteken dit dat 'n geaffilieerde organisasie verleen hulp, toevallig is hy ook lid van die UDF? Want in die tweede geval kan u nie noodwendig daardie hulp koppel aan die UDF nie? (10)

MNR. JACOBS : Nee, dit gee ek toe, maar my kontensie is nie so dat dit net toevallig is dat 'n organisasie hulp verleen en dat hy terselfdertyd geaffilieer is aan die UDF nie. Ek kan nie sê daar is 'n besluit geneem nie, maar daar is 'n beginsel wat gegeld het. Ek kan nie vir die Hof sê op daardie en daardie dag is 'n beslissing geneem, dit gaan julle doen nie. Maar die algemene patroon van optrede en wat gedoen is. As 'n mens lateraan kan kom en die getuienis kan uitgebring word voor die hof, sal 'n mens kan argumenteer dat dit is 'n deel van die sameswering, deel van die uitvoering van die same- (20) swering dat sê soort van, op hierdie stadium, stilswyend is daar so 'n ding, hoewel dit nie presies nou reg is nie, maar ek probeer nou verduidelik. 'n Mens sal kan kom argumenteer en sê dat daar is konsensus reg deur en as ek as 'n terroris nou hulp nodig het, kan ek gaan na 'n geaffilieerde organisasie of na die UDF toe. Dit hang af van die omstandighede en daar sal hulp vverleen word. Met ander woorde, op hierdie stadium is daar 'n stilswyende konsensus om hulp te verleen aan terroriste.

HOF : Maar nou word gevra in 8.2 op bladsy 12 "Gee ons (30) besonderhede van wanneer die besluit geneem is om die hulp

... / te

te gee en watter organisasies betrokke is en wanneer die hulp verleen is? Dit is van die beswaar 8.2. Sou die Staat nie geregtig wees om daardie besonderhede te verskaf nie?

MNR. JACOBS : Maar is dit nie die besonderhede wat ons nou juis gegee het nie, toe hulle gevra het oor die organisering nie?

HCF : Nee, dit is hulpverlening aan die ANC.

MNR. JACOBS : Hoe is dit gedoen? Nou sê ons hulp is verleen aan ANC veral ook deur die geaffilieerde organisasies wat insluit hulpverlening aan opgeleide terroriste deur skui- (10) ling en inligting te verskaf.

HCF : Ja, maar nou sê hulle kyk, daar is 'n paar honderd geaffilieerde organisasies. Ek neem aan party van hulle is net in die Kaap werkzaam. Watter organisasies praat jy nou van? Is die Staat nie verplig om dit te gee nie? Kan dit nie moontlik 'n organisasie wees wat heeltemal plaaslik is, sê ncu maar in Grahamstad, die Civic Association en dat hierdie mense het daar niks mee te doen nie?

MNR. JACOBS : Nee, maar my antwoord is dan nou reeds dat die hulpverlening wat hier gegee word, is ter bevordering van (20) die sameswering.

HCF : Nee. Gestel nou - kom ek gee vir u 'n voorbeeld - 'n terroris het aangekom by 'n persoon wat 'n bestuurslid is van so 'n organisasie en hy het daar in Grahamstad by hom aangekom en die man het hom gehelp deur hom skulling te gee. Dit is nou 'n bewering. Sê nou dit is die enigste bewering wat u het, dan staan dit tog die beskuldigdes vry om te sê, wel, dit het niks te make met die organisasie nie, toevallig was die ou 'n bestuurslid, die organisasie het nie eers daarvan geweet nie, UDF het nie daarvan geweet nie, ek wat aan 'n ander (30) organisasie verbonde is, het nie daarvan geweet nie, maar as u

... / nou

nou nie weet van daardie een nie, dan kom u miskien met getuienis dat sy eie organisasie die man geherberg het, waar hy op die bestuur is. Is hy nie geregtig om te weet watter organisasies u na verwys nie?

MNR. JACOBS : Al waarby ek kan volstaan is, as dit nou heeltemal 'n onskuldige tipe hulpverlening is, dan kan ek dit verstaan, maar as dit 'n hulpverlening is in die konteks van die sameswering en van die doelstelling en my bewering is dat die bestuurstrukture van UDF werk in daardie ding, dan is enige hulpverlening deur enige organisasie, as dit 'n deel van die(10) plan is.

HOF : Ja, maar gestel nou u lei die getuienis dat daar in Oktober 1983 'n terroris by mnr. X aan huis geslaap het vir een nag. U lei die getuienis dat mnr. X is 'n bestuurslid van die Y organisasie en u lei die getuienis dat die Y organisasie is lid van UDF. Hierdie beskuldigdes, van hulle, is lid van heeltemal 'n ander organisasie en heeltemal in 'n ander deel van die land. Nou lei u daardie getuienis, hulle kan dit nie ondersoek nie, hulle word verras deur die getuienis en hulle kan dit nie beantwoord nie. As hulle dit ondersoek mag (20) hulle vind dat die terroris voorgegee het hy is 'n boemelaar, nie dat hy 'n terroris is nie en dat inderdaad daardie bestuurslid nie tuis was nie, net sy vrou was tuis en dat hy daar aangekom het as 'n vryer en nie as iemand wat skuiling soek nie en so is daar honderde moontlikhede. Hoe moet die mense voorberei op daardie soort bewering, want dit is 'n belangrike bewering hierdie? As u nie sê in watter organisasie en wanneer dit is nie en die hoeveelhede noem dat 'n mens kan sien of daar 'n patroon is en wel of dit een of twee keer gebeur het nie?

MNR. JACOBS : Ek kan dit nie verder as wat ek dit gevat (30) het antwoord nie.

... / HOF

HOF : Ek is nie besig om met u te stry nie. Ek moet net my probleme aan u noem.

MNR. JACOBS : Ek beseef die probleem en ek beseef dit is baie moeilik - ek beseef die probleem soos u dit gestel het - vir my om dit te antwoord om te sê dat dit spesifiek so was. Ek kan net sê in die breë sin van die sameswering en van die doelstellings dat - en dat hierdie huisvesting nie geïsoleer kan word daarvan nie, dat dit deel van 'n patroon is. Verder kan ek dit nie neem nie en dit is daarom dat ek sê, dit is 'n kwessie van bewys. Die Staat moet kom en bewys dat hierdie dinge is (10) nie net toevallig hulpverlening nie, maar dat dit deel van 'n bestaande patroon is.

HOF : Maar u moet die saak van die ander kant af ook bekijk. Die mense moet nou voorberei vir die verhoor. Moet hulle nou 'n omsendbrief uitstuur of iemand stuur om by al die organisasies navraag te doen of een van hulle lede miskien in die tydperk van bespreking, dit is van AUGUSTUS 1983 af so iemand gehuisves het?

MNR. JACOBS : Maar as 'n mens na die hele ding kyk, as 'n mens na die totaal van die bewerings kyk, dit maak dit vir my (20) eintlik moeilik om te argumenteer op hierdie punt, maar as 'n mens na die hele ding kyk, dan sê ons die UDF, dit gaan op die totaliteit van die getuienis en op die end gaan 'n mens gevra word om die afleidings te maak. Is UDF en sy geaffilieerdes so onskuldig of nie? Ons bewerings is hy het tot stand gekom direk na 'n oproep van die ANC. Die bewerings is wat ons in die akte van beskuldiging maak. Ek noem nou net 'n paar, dat hulle het die ANC gepopulariseer. Hulle het terreur gepopulariseer. Hulle het leiers gepopulariseer. Op die ou end gaan ek vir die Hof vra om uit die totaliteit van die getuienis (30) af te lei plus die bewys wat ek gaan aanbied in hierdie

... / verband

verband - het ek hierdie bewering bewys of is dit 'n kwessie dat 'n man toevallig daar hulp gekry het en dat hy toevallig uitgekom het, soos u gesê het om 'n vryer te gaan sien of net daar te slaap. Daarom sê ek verder is dit 'n kwessie van getuienis.

HOF : Maar is u nie nou op dieselfde vlak as wanneer iemand 'n aanklag opstel en sê ek sê jy het 'n moord gepleeg in die tydperk van 30 Augustus 1983 tot 1985 April nie? Ek sê jou nie waar nie, ek sê jou nie wie vermoor is nie, ek sê jou ook nie hoe jy dit gêdoen het nie, maar as ek die getuienis (10) voorlê dan sal jy sien?

MNR. JACOBS : Nee, maar dit is net anders om. Ons sê dan spesifiek hulle het die hulp verleen, as ek dit gelykstel met die moord.

HOF : Waar? Aan wie?

MNR. JACOBS : Aan terroriste van die ANC.

HOF : Waar? Aan wie?

MNR. JACOBS : In die Republiek.

HOF : Is u seker dit was nie in Swaziland ook nie?

MNR. JACOBS : Soos ek sê, ek kan dit net vat op hierdie (20) basis dat op die totaliteit van die getuienis sal ek die Hof vra om te vind; ek sal moet getuienis aanbied en is hierdie getuienis en die totaliteit van die getuienis voldoende om hierdie bewering te bewys of nie voldoende gewees nie. Dan gaan dit 'n kwessie van argument wees, maar op hierdie stadium maak ons die positiewe bewering dat hulle het hulp aan die UDF en geaffilieerdes van UDF.

Dan die volgende is paragraaf 9 van die eksepsie op bladsy 13. 'n Mens moet in hierdie verband eerste kyk na bladsye 8 en 9 van die aanhef. Hierdie gaan hoofsaaklik eintlik oor (30) die bewerings wat hier gemaak word. Dit is eintlik die kern

... / van

van die ding, die liggame verteenwoordig deur lede van organisasies en liggame wat met UDF geaffilieer is, of organisasies of liggame of lede van organisasies of liggame wat UDF aktief ondersteun en wat deel vorm van die bestuurstruktuur van die amptenary - en van die amptenary, aanvaar en verklaar. Hier word dan sekere besonderhede, stellings gemaak in 8 en 9 wat blyk uit van die dokumente. Dan gaan die Staat verder om te sê dat hoe dit uitgevoer word, gee die Staat - hierdie besef, hierdie aanvaarding, hierdie tipe dinge - besonderhede van hoe die sameswering uitgevoer word in die dae in die aan- (10) hangsel tot die akte van beskuldiging. So, die uitvoering van die sameswering word op 'n veelvuldige wyse en omvattend, eintlik omvattend meer as gewoonlik om die beskuldigdes behoorlik in te lig, word die dae se besonderhede daar uiteengesit. Dan gaan die Staat verder en op bladsy 41 word daar nog verdere getuienis gegee, behalwe die getuienis en hier word dit volledig en lank gegee van 41 tot 49, nege bladsye addisionele besonderhede verskaf. Om hierdie dinge te gaan bewys steun die Staat op die totaliteit van die getuienis of van die inhoud van die dokumente en toesprake en die Hof het gegaan en (20) ook die inhoud van hierdie dokumente en toesprake nog addisioneel verder aan die beskuldigdes verskaf. So, my submitisie aan u is dat die Staat het meer as redelike hoeveelheid - baie meer as 'n redelike hoeveelheid besonderhede verskaf vir die beskuldigdes om die aanklagte teen hulle te ontmoet. Dit is my submitisie dat die inligting so volledig is dat geen verdere inligting verder verskaf hoef te word nie.

Dan paragraaf 10 op bladsy 14 van die eksepsie. As 'n mens kyk na die laaste deel van die aanhef is dit belangrik om daarop te let dat dit beweer word dat die beskuldigdes (30) in hulle persoonlike hoedanigheid een of meer of al die dae

... / gepleeg

gepleeg het.

HOF : Kan ons net teruggaan waar u in die vorige paragraaf, dit is paragraaf 10, geantwoord het dat u sal staatmaak op dokumentasie, toesprake en geskryfte van die aktiviste. Is dit dokumentasie wat u reeds verskaf het of is dit dokumentasie wat nog nie voor die Hof is nie of bedoel u daarmee dat dit uiteengesit word in 10.1.1 hieronder waar daar gesê word "En in die besonder"? Wat presies word daar bedoel? Ek verwys na bladsy 41 bo. Kyk, die beswaar is dat u praat van dokumentasie, toesprake en geskryfte van aktiviste, en dat die (10) verdediging nie weet waarna u verwys nie. Nou is my vraag aan u, verwys u na dit wat voor die Hof is of verwys u net na dit wat u hier uiteensit van 10.1.1 af onder toe?

MNR. JACOBS : Dit verwys na wat voor die Hof is en ook na wat nog nie voor die Hof is nie. Ek mag net sê dat meeste van die toesprake is voor die Hof, maar daar is 'n paar wat nog nie voor die Hof is nie, wat reggemaak word en wat ingegeesal word op 'n later stadium, of wat getranskribieer word vir inhandiging. Die vergaderings wat reeds beskikbaar is, is verskaf aan die verdediging as die V reeks. (20)

HOF : Dit is nou die toesprake?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HCF : Loop dit wyer as die vergaderings wat hier genoem is? Kyk, hier is 'n vergadering van September en dan een van Junie 1984 en dan van Julie 1984.

MNR. JACOBS : Ek wil net weer kyk wat daar in hierdie vergadering gesê word. Die hele totaliteit gaan wees uit die dokumente soos reeds voor die Hof is, wat nog voor die Hof gesit moet word en ook getuienis wat voor die Hof gelê sal word om die bewerings wat gemaak is te bewys. Ons gee dan (30) hier baie meer inligting as wat nodig is. Dan dink ek is ons

... / op

op bladsy - paragraaf 8 van die eksepsie.

HOF : Paragraaf 10.

MNR. JACOBS : O, ja, dit is die laaste deel van die aanhef.

Die laaste deel lees so - ek sal nou die bladsy gee :

"Of in 'n persoonlike hoedanigheid een of meer van die dade
gepleeg het."

As die Staat nie daarin slaag om enige sameswering of gemeenskaplike doel te kan bewys nie, dan is beskuldigdes wat misdade pleeg, hetsy in die dade waar hulle persoonlik by betrokke is byvoorbeeld sê nou maar by 'n moord, een van die moorde wat (10) dan ter sprake kom, die alternatiewe aanklagtes, in sy persoonlike hoedanigheid aandadig vir sy aandadighede aan sover hy deelgeneem het aan daardie misdryf. Dit is op bladsy 10. Dit is 'n alternatief net as die hele vorige deel verval.

Paragraaf 11, eksepsie bladsy 15.

HOF : Laat ek net kyk wat is u antwoord op 10.2 byvoorbeeld - 11.2. Ja?

